

- Welkom. Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuigenis van iets wat God gedoen het?
- Wat was jou vroegste blootstelling en ervaring van “kerk”? Wat omtrent die ervaring was vir jou positief en wat was negatief?

Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan. - 1 Kor 12:27

Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. - Efesiërs 2:19

Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. 4 Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. – 2 Kor 10:3-5

- Die kerk is 'n **liggaam**. Jy is deel van die liggaam. Watter talente en gawes het jy van God ontvang (waarvan jy weet!) wat 'n rol kan speel en 'n bydrae kan maak in die kerk?
- Die kerk is 'n **familie**. Watter positiewe dinge / herinneringe kan jy noem omtrent jou eie natuurlike familie?
- Hoekom sou jy sê is dit voordelig vir ons om deel te wees van 'n geestelike familie?
- Die kerk is 'n **weermag**. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen bose magte. Hoe voel jy oor hierdie deel van ons identiteit?
- Wanneer jy kyk na die wêreld om jou (gesin, familie, werk, vriende, ens.) – watter “vestings” van die vyand kan jy sien? M.a.w. waar is dit sigbaar dat die duiwel aan die werk is?
- Hoe dink jy kan jy 'n rol speel om die vestings van die duiwel te vernietig?

-
- Bid vir vriende, familie & kollegas wat nog nie vir Jesus ken nie .
 - Bid vir mekaar.